Paasfees 2008

sig nuusbrief

durbanville gemeente

saam in diens van God se nuwe wêreld

'n PAASFEESSTORIE - Handel

- Jacqueline Leuvennink

Daar word vertel dat 'n baie desperate man een nag in 1741 na 'n doellose gedwaal deur Londen se strate sy huis binnegestrompel het. Die komponis George Frederick Handel was op sestig verstoot deur die aristokrasie vir wie hy veertig jaar lank koninklike geleentheidsmusiek geskryf het. Skuld en siekte was besig om hom finaal te knak.

Tuis het 'n pakkie gewag. Die teks vir 'n "heilige oratorium." Deur 'n derderangse digter geskryf met die versoek dat Handel musiek daarby moet skryf, omdat "The Lord gave the word." Hoe belaglik, het Handel gedink. Wat sou Jennens (die digter) besiel het om te dink hy wat Handel is, word deur God geïnspireer? Hy was alles behalwe 'n godsdienstige man.

Terwyl hy lusteloos deur die teks geblaai het, het een passasie sy oog gevang: "Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie (Jes. 53:3)." Handel het verder gelees: "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee (Matt. 11:28)."

Die woorde het vir hom begin lewe. "I know that my Redeemer liveth ... Rejoice ... Hallelujah!" Musiek het deur hom begin stroom. Vir die volgende 24 dae sou hy nouliks eet of slaap. Sy getroue mansbediende het besorg aan 'n vertroueling gesê hy het hom nog nooit so gesien nie. "Hy sien my nie raak nie; hy sê net die hemel se poorte het vir hom oopgegaan en dat God self daar is. By tye loop hy met trane wat oor sy wange stroom kliphard en sing. Ek is bang hy is besig om mal te word."

Teen die tyd dat Handel drie weke later uitgeput vir 17 uur lank vas geslaap het, het die Messias op sy lessenaar gelê: die grootste oratorium van alle tye. Die reaksie op die eerste uitvoering in Ierland (Londen wou niks weet nie) was oorweldigend. Handel wou nie 'n sent daarvoor hê nie en het alles vir liefdadigheid geskenk. Londen kon nou nie wag om dit te hoor nie. By die eerste uitvoering daar het die groot gehoor die koning se voorbeeld gevolg en regop gespring by die aanhoor van die triomfantelike Halleluja-koor, 'n gebruik wat tot vandag toe voortduur.

Op 6 April 1759 het Handel (74) by 'n uitvoering met die begin van The last trumpet shall sound, ongesteld geraak. Sy wens om op Goeie Vrydag te sterf, is kort daarna bewaarheid. Maar die Messias, daardie triomf van hoop oor wanhoop, het bly voortleef. Dit word steeds elke Goeie Vrydag in die Royal Albert Hall in Londen uitgevoer.

Ek kan as jarelange koorlid getuig dat jy met hierdie werk in elke veseltjie van jou lyf vir 'n uur of twee op 'n hoë berg klim vanwaar jy die goeie tyding uitjubel van God wat híér is. Dié God wat sy lammers teen sy bors dra. Dié Lam wat waardig is om die boek van Openbaring 5 oop te maak. Hy wat geslag is om met sy bloed mense los te koop.

In Paastyd verloor ek myself graag in hierdie musikale skrefiesblik op die hemel, verwonder ek my aan 'n opgestane Here. En durf ek soos Job sê: Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!

Uit die Woord: Die Emmausgangers (Luk. 24:13-35) - Ds Rian Verster

Dis die menslikheid in hierdie teks wat my raak! Twee mense stap huis toe, sê Lukas, ná die Paasfees in Jerusalem. Dit was nie 'n lekker naweek nie. Jesus, van wie hulle soveel verwag het, is dood. Hulle was by die kruis, weet ook van die graf! "Ons het so gehoop dat Hy ons sal verlos ..." Nou is dit verby! Niks kan dit verander nie.

So ry ons huis toe na werk, sit die koerant neer as ons dit gelees het, word oorweldig deur die dinge wat met ons en rondom ons gebeur! Dis nie dat ons ophou glo het nie, dis net so moeilik om te onderskei. Kan ons nog iets van die Here verwag? Ons is net mense!

Maar dit is ook Jesus se menslikheid wat my raak. Jesus kom stap saam met hierdie twee bekommerde mense huis toe, Emmaus toe. Hy gesels met hulle, vra uit oor dit wat hulle bespreek en dink. En Hy verduidelik van ver terug, uit die profete se voorspellings uit, hoe sy lewe en dood sou wees. As jy net met jou fisiese oë na die feite bly kyk, kry jy baie swaar. Dit is met jou geloofsoë dat die profete se woorde lewe kry en jy vir Jesus sien waar jy Hom die minste verwag!

En waar gebeur dit? Aan die nagmaalstafel, as Jesus die brood breek en dit vir ons uitdeel en ons sy hande sien en in sy oë kyk! Soms, anders as ander kere, as ons nagmaal gebruik, sien ons net so helder dat die Here hier by ons is, dat ons moeite doen om dit met iemand te deel ... en dan word ons verras: die Here het ook aan hom en aan haar verskyn!

Uit die Wêreld

Atonement - Ds Tinus van Zyl

Beide die boek van Ian McEwan, *Atonement*, sowel as die film wat hierdie jaar verskyn het, het my geboei, ontstel en laat dink. In sowel die boek as die film is ek getref deur die spanning wat die outeur skep tussen fiksie se vernietigende krag aan die een kant, en die verbeelding se vermoë om hoop te gee aan die ander kant. Veral in die film waar die klankbaan, wat die Oscar gewen het vir beste musikale verwerking, die spanning voortdurend laat opbou met die ritmiese klank van 'n tikmajien, is die kyker gekonfronteer met die geweldige mag van die skrywer, 'n mag wat kan bou en kan breek. Dis asof die outeur, Ian McEwan, homsélf konfronteer met die vrae: Is fiksie maar net leuens? Of kan die verbeeldingswêreld hoop gee vir mense? Is ek, 'n skrywer van beroep, besig om vir mense te jok, om hulle oor te gee aan wensdenkery? Of help ek hulle om méér raak te sien as net die empiriese wêreld rondom hulle?

Ek kon myself nie keer om soortgelyke vrae oor my eie beroep as predikant te begin vra nie. Is my preke stories wat ek opmaak, 'n fiksie wat ek vertel, 'n vorm van wensdenkery wat nie tred hou met die werklikheid daarbuite nie? Of help my preke mense om met 'n profetiese verbeelding te leef, om verby die feitelike gegewens van hierdie wêreld te kyk, om ander moontlikhede raak te sien, om op 'n nuwe wêreld te hoop? *Atonement* het my gehelp om te verstaan dat ons nooit hierdie spanning kan ontglip nie. Die verbeelding kan op 'n kreatiewe wyse nuwe moontlikhede bedink wat tot op hede onmoontlik gelyk het, maar die verbeelding kan ook jok oor wat werklik die geval is en 'n mens in die versoeking bring om hierdie wêreld te probeer ontsnap in 'n verbeeldingsvlug.

Mag die Gees ons help in hierdie Paastyd om nooit verby die kruis te kyk nie, om nooit die gebroke werklikheid van hierdie wêreld te probeer vermy deur 'n dagdromersbestaan te lei nie, en mag die Gees ons ook help om nooit nét die kruis raak te sien nie, maar om ook déúr die kruis die opstanding raak te sien, die onmoontlike moontlikheid, die hoop op God se nuwe wêreld.

Week van Gebed - Willem Nicol

- Yolande Naude

Vir so bietjie meer as drie jaar al beleef ek 'n redelike sterk roep tot 'n bietjie stiller, en 'n bietjie stadiger leef. Dit is egter nogals 'n moeilike uitdaging in vandag se lewe waar alles rondom ons vol oproepe en uitnodigings is tot groter, beter en vinniger.

Op 'n baie besondere manier help die kontemplatiewe styl van aanbidding, met veral die gebruik van die eenvoudige Lectio Divina – metode van stilraak – met 'n teks, my om 'n dieper verstaan van God se Woord en Sy hart te kry, soos dit van toepassing is op my lewe, vandag. Dit bly altyd vir my wonderlik om te beleef hoe God tydens Lectio Divina op verskillende maniere met verskillende mense praat vanuit dieselfde teksvers. Dit bevestig net weer vir my dat die lewende God direk in elk van ons se lewens teenwoordig is, in die hier en die nou.

Willem Nicol se onlangse gebedsweektema van "Elkeen op 'n eie pad met die Bevryder" het vir my fantasties ingepas by dit waarmee ons gemeente al vir 'n paar jaar besig is rondom kontemplasie en geestelike formasie. Willem het ons teruggeneem na Galasiërs se vrug van die Gees en die kenmerke van 'n gelowige mens, en hy het ons help besin oor hoe ons "mooier mense" kan word. Hoe gebeur dit dat ek in vryheid, meer liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid en dies meer het of kry, en dit dan ook uitleef?

Soos Willem so mooi verduidelik het: "Om 'n mooier mens te word beteken dat ek stadig uit my egoisme beweeg en 'n bietjie vryer raak van myself." Ek kan my diepe self egter nie vry maak of self verander nie. Die Here doen dit. Hy beweeg ons in die regte rigting en maak van ons mooier mense.

Wat is ons elkeen se verantwoordelikheid dan in die proses? Jan Johnson het dit 'n paar jaar gelede in ons gemeente so mooi opgesom toe sy gesê het: "We do the connecting (with God) and He does the perfecting."

Dr Willem Nicol is een van ons voorste teoloë wat fokus op die ontwikkeling van Christene se spiritualiteit. Hy het al verskeie boeke geskrywe, o.a. "Godsdiens wat werk". Ons gemeente beplan 'n "retreat" saam met Willem later vanjaar.

Meditatiewe aanddienste

- Rassie Smit

Ons het in die eerste kwartaal begin met 'n verdere ontwikkeling van ons aanddienste in die kerkgebou. Ons fokus al meer as drie jaar in ons aanddienste op Lectio Divina. Lectio is 'n ou luister-metodiek uit die vroeë kerk. Ons leef met 'n teks vir 'n week en dan getuig ons op 'n Sondagaand van dit wat die Here deur sy Gees met ons gedoen het deur die teks.

Hierdie kwartaal se tema is: Leer doen wat Jesus sê. Op die oog af klink dit redelik maklik. Ons almal lees tog al vir jare die Bybel en probeer daarvolgens leef. Groot is die ontnugtering om te ontdek dat dit nie so eenvoudig is nie. Alles begin vaag en grys lyk. Nuwe situasies tree na vore met nog meer vrae en onsekerhede. Jy bid meer; dink meer; vra meer; praat en worstel met God meer. 'n Halfuur stiltetyd raak te min.

Dan begin 'n nouer persoonliker verhouding met God meer sin maak. Die vasklou aan die tydelike dinge wat "myne" is en die belangrike "ek" begin plek maak vir God en my naaste. Resepte om mense en situasies te hanteer begin al hoe minder sin maak. Al wat oorbly is: Leef nader aan God se hart, sodat Hy jou kan leer en jy Hom kan hoor.

Daar is net een manier om Jesus se woorde te doen: Hy leer jou vanuit 'n persoonlike leef saam met Hom. Wat 'n opwindende ervaring!

Inwyding van die Orrel

- Stephan Ackerman

Die inwydingsgeleentheid van die gerestoureerde orrel geskied op Sondag 20 April. Dit volg na 2 jaar se harde werk van verslae saamstel, inwin van kundige advies en geldinsamelingsprojekte.

Die inwyding sal waargeneem word deur die welbekende konsert-orrelis, Diederick Basson. Hy is tans verbonde aan die NG Kerk Tafelberg, Kaapstad, en is ook die redakteur van SAKOV se musiekpublikasie, "Musiekleier", waarin ons 'n artikel van die projek wil laat publiseer.

Diederick sal tydens die oggenddiens as orrelis waarneem, en direk na afloop van die diens 'n uitvoering van ongeveer 30 minute lewer. Alle belangstellendes word uitgenooi na hierdie geleentheid, waarna daar in die gemeentesentrum verversings bedien sal word.

Opregte dank en waardering aan diegene wat die sukses van hierdie projek verseker het: almal wat finansiëel bygedra het, Boudewyn Scholten as adviseur, Wattelbroers van Suidelike Orrelbouers, kerkkantoorpersoneel en gemeentelede wat gedien het op die orrel-werkkomitee, die finans- en tegniese komitee.

Ons dank die Here vir die wonderlike voorreg om met behulp van hierdie instrument sy lof en eer te kan besing!

Kerspakkies aan VIGS-pasiënte

- Nana de Kock

Om lidmaat te wees van 'n omgee-gemeente, laat jou soms deel wees van onbekende ondervindings waarvan jy nooit kon droom nie. Dit is dan ook wat gebeur het op 7 Desember 2007.

Na 'n versoek aan die gemeente vir klaar-opgemaakte pakkies met toiletware in, was daar weer eens 'n wonderlike reaksie! Met die mooiste pakkie kon ek, Jackie Pretorius en haar dogter Zané, saam met Sylvia Nene dit in die Karl Bremer Hospitaal gaan uitdeel. Soos u weet, is Sylvia die tolk, maar sy doen ook beradingswerk onder dié pasiënte. Ons gemeente is verantwoordelik vir haar salaris asook morele ondersteuning.

Omdat kommunikasie 'n probleem is, moes Sylvia maar die meeste praatwerk doen. Meestal is die pasiënte Xhosa-sprekend, sommiges Engels-sprekend, maar ook 'n paar Afrikaans. Die meeste van hulle is baie eensaam, want die familie verwerp hulle wanneer hulle met vigs ge-diagnoseer word.

Om soveel blydskap te sien bloot oor 'n besoek en / of 'n pakkie met, wat vir die meeste van ons dinge is wat ons elke dag gebruik, raak jou hart werklik. Party pasiënte is reeds te swak om eintlik te reageer, maar die dankbaarheid straal uit hul oë.

Na die uitdeel van die pakkies, het daar nog 'n klompie oorgebly. Die suster in beheer van hierdie saal, het tot en met Kersfees die res van die pakkies uitgedeel.

Saam kon ons ons gemeente se leuse waar maak: SAAM IN DIENS VAN GOD SE NUWE WêRELD. Hier volg 'n boodskap van die Superintendent van Karl Bremer hospitaal: "The Senior Medical Superintendent wish to thank you on behalf of the Management of Karl Bremer Hospital for the gifts that were given to the patients and personnel of ward 4A. It is much appreciated."

Petrus en Lisle se prentjie van die koninkryk ...

"Petrus en Lisle, hoe sal dit lyk as God se koninkryk in Sentraal-Asië kom? Waarvoor bid julle as julle bid: 'Laat U koninkryk kom?' Hoe lyk die prentjie in julle gedagtes?"

In die lande van Sentraal-Asië woon meer as 100 miljoen Persies-sprekende mense. 99% van hulle is Moslems. Christenkerke word hier vervolg en evangelisasie is onwettig. Hulle het nog nooit die Goeie Nuus gehoor nie. Hulle weet nie dat hulle deur geloof in Jesus kinders van God kan word nie. Die druk en verspreiding van Bybels is onwettig in hulle wêreld. Moslems wat "afdwaal" (in Jesus begin glo) kan die doodstraf opgelê word.

Petrus-hulle beskryf hulle prentjie van God se ryk in Sentraal-Asië as volg: Op 'n stadium sien Jesus die skare voor Hom en Hy beskryf hulle as "moeg en hulpeloos, soos skape wat nie 'n wagter het nie (Matt 9:36)." En dit is ons belewenis van die mense om ons – hulle is opsoek na God, maar raak moeg en voel hulpeloos om goed genoeg te wees vir God. Jesus sê toe vir sy dissipels dat die oes ryp is, maar die arbeiders min. En toe gee Hy vir hulle hierdie opdrag: "Bid vir die Here aan wie die oes behoort om arbeiders uit te stuur vir sy oes." Ons glo dat God se ryk gaan kom op presies dieselfde model wat Jesus self gevolg het: Jesus het arbeiders opgelei vir sy oes. Hy het leiers opgelei vir die verdwaasde en verwarde skares. Hy noem sy leiers "dissipels." Hy KIES hulle uit nadat Hy die hele nag gebid het (Luk 6:12,13). Terwyl Hy by hulle is, is hulle instruksie baie eenvoudig: VOLG MY. Jesus se grootste strategie met hierdie "arbeiders" is om TYD by hulle te spandeer. Maar Hy eis ook 100% lojaliteit en gehoorsaamheid. Jesus sê: "As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe (Luk 14:26 ANT)."

So sien ons dat God se ryk in Sentraal-Asië begin met arbeiders wat opgelei word om die oes in te samel. Dit begin met die enkele honger, leersame dissipels wat vir Jesus wil volg. Hulle leer om alles te onderhou wat Jesus vir sy dissipels geleer het (Matt 28:19). En dan raak hulle self ook gehoorsaam aan Jesus se groot opdrag om mense sy dissipels te maak. Die struktuur wat ons in die Bybel sien waarbinne nuwe dissipels opgelei word, is die kerk. 'n Kerkplantingsbeweging wat bestaan uit dissipels en dissipelmakers, gegroepeer as kerke wat nog kerke wil plant, met 'n visie so groot soos God s'n; tot aan die uithoeke van die wêreld. Dit is ons prentjie van God se ryk in Sentraal-Asië.

Dissipelskap vir vroue

- Celia Slabbert

Jesus se dissipels het Hom nie net gevolg nie, maar hulle het by Hom geleer. Kan ons vandag nog by Jesus leer? Hoe leer ek om in 'n verhouding met God te leef en sy stem te herken? Hoe leef ek met 'n nuwe identiteit as kind van God? Waar pas ek in, in God se droom vir hierdie wêreld?

Dit is alles vrae waaroor baie van ons wonder. Woensdagoggende 9:00 tot 10:30 is daar in die Gemeentesentrum 'n geleentheid vir ons vrouens om saam op die ontdekkingstog te reis.

Christenwees vandag, gaan in die eerste plek om 'n intieme verhouding met God te hê en daaruit vloei jou roeping, waar God jou wil gebruik, voort. Ons word stil met 'n sekere teks in die Bybel vir die week en dan ontdek, soek en deel ons saam, wat die Here ons wil leer. Jesus se uitnodiging vir ons almal vandag nog in Matt 4:19 is: Kom! Word my dissipels en Ek sal julle vissers van mense maak.

Die naweek van 22 tot 24 Februarie het ons vrouens gekamp by Wortelgat naby Stanford. Die kommentaar na die kamp oor wat hulle ervaar en beleef het, was soos volg: “powerfull” / Dat God my liefhet, het van my kop af, afgeskuif na my hart toe! / My identiteit lê in Christus / Ek het gehuiwer om te kom, maar weet nou dat God my genooi het om hier te wees. Ek is 'n eregas by God (Ps 23) / Dit was 'n heerlike ervaring, 'n lafenis na siel en liggaam / 'n Wonderlike tyd van stilword en herlaai om my rol as vrou, eggenoot, ma en vriendin weer met nuwe krag te hervat / Ek het die Here se teenwoordigheid intens beleef / Die kalmte in my vat ek saam huis toe / Die naweek was weer vir my 'n openbaring van wat 'n wonderlike, liefdevolle God ons aanbid.

Die jongmense is dors ...

- Christi Thirion

Teen die tyd dat jy hierdie artikel lees, sien die jongmense van Durbanville al uit na die eerste skoolvakansie van 2008, want in hierdie eerste kwartaal het daar reeds 'n klomp opwindende dinge gebeur wat hulle tonge op die grond laat sleep, maar steeds laat uitsien na die volgende driekwart van 2008.

Met die tema, *Obey Your Thirst*, het JAM ("Jesus and Me" – die CSV van Hoërskool Durbanville) hierdie jaar hul visier gestel op jongmense wat dors na iets meer in die lewe, nl. Jesus Christus. Wat reeds op die program in die stof gebyt het om dit te laat gebeur, was twee koffiekroeë en die JAM avontuurkamp by Karmel (naby Franschhoek). Hierdie jaar het nog die Extreme Week, waar ons weer gaan geld insamel vir 'n liefdadigheidsorganisasie en daar is nog verskeie koffiekroeë op die program asook uitreik-geleenthede. (Vir meer inligting en foto's besoek die JAM-group op Facebook.)

Twintig20visie se *band*, onder leiding van Charlton Loff, se musiek kry ook die gemeente se jongmense om meer en meer om op 'n hart-vlak met God te kommunikeer. Tinus van Zyl, Gordon Dames en Christi Thirion lei die jongmense op Sondag aande om moeite te doen om die gemeenskap van gelowiges onder mekaar uit te bou en die gemeenskap te gaan deel in hul wêreld.

Vir die res van die jaar word daar nog 'n klomp aktiwiteite beplan uit die kantoor van die jeugbediening om ons gemeente se jongmense te help om op 'n ander vlak in hul verhouding met God te leef. Tydens die lang April-vakansie gaan daar weer 'n staptoer plaasvind, wat min of meer die nuwe reeks temas van Twintig20visie sal inlei. In die Junie-vakansie is daar ook weer 'n uitreik saam met ons bure, VGK Durbanville en Durbanville-Bergsig, met die verskil dat ons hierdie jaar moontlik die Noord-Kaap gaan besoek. Hou hierdie spasie dop vir meer inligting daaroor.

Soos soveel kere tevore sê ek weereens dat ons soveel aktiwiteite en gebeurtenisse kan hê vir die jongmense as wat ons wil, maar sonder verhoudings onder mekaar wat ons help bou aan 'n verhouding met God, is dit alles niks anders as leë aktiwiteite nie. Daarom bid ek (en ek nooi een en elkeen uit wat hierdie artikel lees om met my dit mee te doen) dat dit wat ons doen die dors na die Evangelie in ons jongmense se harte sal les en dat daar strome lewende water uit hul binneste sal vloei tot eer van God, ons Vader.

Adverteer in SIG

Die kostes vir advertensies is as volg:

Vol blad	R1500-00
Halwe blad	R750
Kwart blad	R375
1/8 blad	R188

Kontak die kerkkantoor by 021 975 6370.
(Die redaksie behou hom die reg voor om advertensies, wat nie pas by die aard van die SIG nie, nie te plaas nie.)

Redaksie van die SIG

Redakteur:
Ds Tinus van Zyl

Redaksielede:
Ds Rian Verster
Jackie Pretorius

As jy op enige wyse betrokke wil raak by die SIG, of die gemeente se kommunikasie in die algemeen, skakel asb vir ds Tinus van Zyl by 083 289 4985.

Restourasie van Meubels
Het u meubels wat 'n bietjie “TLC” nodig het?
Skakel **Eben by 079 802 0772**
vir 'n kwotasie.
Geen werk te klein of groot! Bring weer die mooi in jou kosbare meubels uit! Ek herriem ook stoele.

’n Fees van kos en kuier!

Reënboog Cuisine: dit was op Saterdag, 1 Maart die tema van Durbanville Gemeente se voedsel-met-wyn-fees wat vanjaar vir die derde maal plaasgevind het.

Esté Deetlefs en Tini van Alphen by die pannekoekstalletjie

By die ingang kry jy 'n bierboks se onderkant as jou skinkbord met 'n vloerplan van al die stalletjies in die Gemeentesentrum as jou "skinkbordlappie". In jou sak is 'n boekie met 15 kaartjies wat jy dan by die 38 stalletjies vir porsies tradisionele kos kan ruil. En nadat jy 'n deurloop gemaak het en al jou disse uitgekies het, begin die lekker eet en groot gesels.

Feesgangers kon kies tussen twee soorte sop en 'n broodtafel vir 'n voorgereg. Vir die hoofgereg was daar boerewors, sosaties, kerrievis, kerrie-afval, wildspastei, groenboontjiebredie, bototie met

Risa Bredenkamp en haar dogter Meghan by die broodtafel

Hulle het geëet, gekuier en gesels

geelrys, samoesas, hoenderpastei en peri-peri hoenderlewertjies. Vir bykos was daar slaphakskeentjies, gestoofde perskes, koperpenniewortelslaai, pampoenkoekies en 'n aartappelgebak. Vir nagereg was daar pannekoek, melktert, jellie met vla, koeksisters, malvapoeding, souskluitjies en roomys met sjokoladesous. Die drinkgoed het wyn, gemmerbier, vrugtesap, koffie en tee ingesluit.

"Om hierdie fees te reël, was 'n groot plesier want die gemeenskap het werklik eienaarskap daarvan geneem. Toe ons die lys bekend maak met die disse wat ons vir die fees nodig het, het die mense spontaan na vore gekom en gesê wat hulle graag wil maak," sê Willem en Rhoda van Schalkwyk, wat die reëlings van die fees behartig het.

Elke stalletjie het sy storie gehad. Elkeen moes vir sowat 240 porsies voorsiening maak. By die pannekoekstalletjie vertel Jackie Pretorius dat hulle deeg vir sowat 660 pannekoeke aangemaak het "met 'n klitser wat aan'n boor vasgemaak is."

"Ons het Pieter Veldsman se resep vir ons slaphakskeentjies gebruik," vertel Pieter Fourie wat by dié stalletjie gehelp het. "Hierdie uitjies met die soetsuur-sousie is heerlik saam met lamsvleis of as 'n slaai saam met braaivleis."

Jemine van der Merwe en René van Pletzen


Carlien van Eeden, Nico Snyman en Joss van Eeden begin by die poeding!

Mona Pelser en Dirk en Cathy van der Westhuizen

"Die skaapafval is uiters gewild – veral onder die ouer mense," sê Leonie van der Vyfer. "Ek kook al jare lank afval en ek gebruik nie eers meer 'n resep nie. Ons het so twee weke gelede begin om afvalle te kook en te vries sodat ons vanaand genoeg kan hê."

Hanli Smuts was verantwoordelik vir die sampioensop. "Ons is nuwe intrekkers van Moorreesburg en wou ook graag help."

Die mense het ook tou gestaan by die kerrievisstalletjie. "Jy kan tussen 'n sterk en 'n soet kerrie kies," het Riana Knoblauch vertel.

Die fees het vanjaar met 'n *Senior's Lounge* gespog waar senior burgers gerieflik by tafels kon sit en eet. Christo en Nelia van Niekerk was die gasheer en gasvrou. Flip en Elfleda Stoffberg van die Meerenbosch Aftreeoord was van die mense wat hier gekuier het. “Die bediening is gemaklik en die samesyn is gesellig. En dit is alles baie prakties met die bierbokse – niks borde om agterna te was nie!”

René Pretorius en Louise Vermaak wat lagies-jellie en vla gemaak het

Hanli Smuts by haar sopstalletjie

So het die bierbokse gelyk.

Slaphakskeentjies

Reënboogstrik

Lezjé van Zyl

Lezjé van Zyl is die nuwe Kinderbediening Koördineerder van ons gemeente. Sy het die pos oorgeneem by Franci van Zyl-Nel.

Kuns sou Lezjé se voorland gewees het toe sy by die Universiteit van Stellenbosch aansoek gedoen het, maar gelukkig was sy nie gekeur nie en het sy haar toegespits op Sielkunde, wat ook 'n groot passie by haar was. Sy het in haar eerste jaar besef sy wil met kinders werk en hulle ontwikkeling verder bestudeer. Lezjé was op vele komitees en was aktief in sport gedurende haar verblyf in Erica koshuis. Sy het haar Honneurs in Sielkunde behaal en is tans besig met haar Meestersgraad (Spel-terapie) wat sy hierdie jaar wil voltooi.

Lezjé se begeerte is om die gemeente se kinderbediening 'n dinamiese plek te maak vir die kinders om hulleself geestelik uit te bou. Sy is ook betrokke by aktiwiteite by Durbanville Laerskool en by Durbanville Kinderhuis. Sy sien uit daarna om 'n wesenlike verskil mee te bring in die lewens van Durbanville se kinders.

Charlton Loff

Charlton (of Charlie) Loff is ons gemeente se nuwe aanbiddingsleier in die Twintig20visie aanddienste. Charlie woon tans in Eersterivier en werk sedert 2004 in Edgars in Tygervallei in die Mansklere-afdeling. Charlie het vir twee jaar as 'n vrywilliger in 'n "band" gespeel en die aanbidding gelei in die eredienste van NG Gemeente Heidekoppie in Protea Hoogte, Brackenfell. Hy speel beide dromme en bas-kitaar. Charlie het ook al die aanbidding gelei op verskeie jeugkampe.

Charlie is nie net passievol oor musiek nie, maar veral oor lofprysing en aanbidding wat jongmense help om hulle harte uit te stort voor God. Hy glo dat God musiek op 'n kragtige manier kan gebruik om die seer in mense se lewens na die oppervlak te bring en genesing te bring. Hy is opgewonde oor wat God besig is om in jongmense se lewens te doen hier in Durbanville, en is deel van die span van Twintig20visie, wat daaroor droom om 'n alternatiewe geloofsgemeenskap te stig wat God se liefde oor alle grense laat strek.

Tinus en Gerda se nuweling

Tinus en Gerda van Zyl het op die 15de Februarie 'n nuwe toevoeging tot hulle gesin gekry, 'n baba dogtertjie genaamd Mari. Dit is hulle eerste babatjie en hulle is behoorlik opgewonde oor hierdie meisie. Met geboorte was sy 3.7 kg en 54 cm lank, wat pa en en ma verstom het, aangesien hulle twee nog nooit besonders lank was nie. En teen die spoed waarteen sy drink, gaan sy ook sommer vinnig groei. Mari is vernoem na Tinus se ma, Marina. Sy is Tinus en Marina van Zyl se vyfde kleinkind, en Johan en Huibré Müller se eerste kleinkind. Mari is ook die agterkleinkind van Johanna Jansen van Rensburg, 'n inwoner van De Rust aftree-oord.

GEHOOR-SIFTING



Kom vir 'n gratis gehoorsifting.
As die resultate toon dat jy 'n moontlike gehoorverlies het, word 'n volledige gehoortoets gereël.
As jy dan vir 'n gehoorapparaat kwalifiseer, kan jy 'n gehoorapparaat leen en na 2 weke besluit of jy dit wil koop of teruggee.

SO MAKLIK SOOS DIT!!
Skakel Johleen 0860 109 152

Gehoorsifting geborg deur

IMPACT HEARING SYSTEMS

DESIGN A PRINT - 021 975 9648